

1 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Johannes 3
Fokusgedeelte 2 Johannes 3

Genade, barmhartigheid en vrede vir die wat in die waarheid lewe

Ons lewe in 'n wêreld waar die mens se postmoderne manier van dink kernwaarhede van die Christelike geloof in twyfel te trek. Die maagdelike geboorte van Jesus en sy fisiese opstanding uit die dood word as deur baie as onsin afgemaak. Mense se soeke na wetenskaplike bewyse om geloof te regverdig, lei dikwels daartoe dat hulle die waarheid van die Christelike geloof vir die leuens van die misleiers van die wêreld verruil. Die kerk waarvan ons lees in die Nuwe-Testament was met baie dieselfde dwaalleer gekonfronteer. Johannes skryf dan ook aan 'n gemeente om hulle hierteen te waarsku.

Johannes se seëngroet is tipies aan eerste-eeuse manier van briëfskryf, maar dit bevat ook 'n noemenswaardige gerusstelling vir die lesers. Die gerusstelling was nodig, omdat die Christene vervolging in die gesig gestaar het, en daar was dwaalleer verkondig dat Jesus nie die Christus was nie. Die kerk het baie moeilike tye en onsekerhede beleef, daarom begin Johannes sy brief met die bemoediging: "Die genade, barmhartigheid en vrede wat van God die Vader kom en van Jesus Christus, die Seun van die Vader, sal by ons wees wat in die waarheid en die liefde is."

Buiten die bevestiging wat die teks bevat, impliseer dit wel ook 'n dankbaarheidsgebed. "Genade" dek die sonde van die mens, en "barmhartigheid" dek die mens se ellende. "Genade" moet eers die mens se skuld wegneem voordat sy ellende deur "barmhartigheid" verlig kan word. "Vrede" is die gevolg van genade en barmhartigheid. Geloof in God verseker blywende vrede. Geloof in die genade en barmhartigheid van God, wat fisies in Jesus Christus aan die kruis uitdrukking gevind het.

Johannes eindig die seëngroet met "ons wat in die waarheid en liefde is". Hiermee bevestig hy dat die gelowiges die vrede van God sal ervaar omdat hulle in Hom is. Hy is die waarheid, en as gelowiges deel ons in Jesus se dood en opstanding, en omvou sy liefde ons sodat ons in Hom is. Alleenlik in die sfeer van die waarheid en liefde kan barmhartigheid en vrede waarlik beleef word.

Sing: Psalm 84:6

Teologiese Student Jan-Louis Coetzer

2 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 1

Loof God vir sy seëninge

Het jy al 'n brief aan iemand begin deur God vir sy seëninge te loof? Dit is hoe Paulus hierdie omsendbrief wat eerste aan die gemeente in Efese gestuur is, begin. Loof God vir sy seëninge! En dan herhaal hy dit nog drie keer in die eerste verse: “Daarom moet ons God loof en prys ...” (vs 6, 12, 14).

Elke keer as Paulus die seëninge van eers die Vader, dan die Seun en dan die Heilige Gees genoem het, loof en prys hy God. Die hele eerste hoofstuk is 'n gebed met lofprysing (1:3-14), smeking (1:17-19) en 'n belydenis (1:19b-23).

Die gebed is dat God deur sy Gees hulle sal help om te verstaan watter hoop ons roeping uit die geestelike dood na die nuwe lewe inhou. Hoe ryk is ons erfenis van die ewige lewe nie, en hoe groot is God se krag wat in ons werk – dieselfde krag waarmee Hy Christus uit die dood opgewek het.

Die gebed eindig met 'n belydenis oor Christus se mag as Hoof van die kerk en dat die kerk sy liggaam en sy volheid is. Die klem in hierdie eerste hoofstuk val egter op die lof aan God vir sy seëninge: Prys God die Vader vir sy uitverkiesing en sy besluit om ons sy kinders te maak; prys die Seun dat Hy ons verlos, vergewe, alles onder sy Hoofskap stel en ons sy volk maak; prys die Heilige Gees omdat Hy ons geloof gee, ons verseël as sy eiendom en belowe om ons soveel meer te gee as wat ons alreeds ontvang het.

Sing: Skrifberyming 24:1, 2, 3, 6, 7

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)

3 Oktober

**Skrifgedeelte: Kolossense 1:15-20 (1983-vertaling)
Fokusgedeelte: Kolossense 1:18**

Jesus se opstandingskrag en regering

Daar is dwaalleer in die kerk van Kolosse. Christus word nie as die Hoof bo alles en almal erken nie, maar Paulus stel hierdie dwaalleer so mooi reg – God is die Skepper van alles en almal. Hy het deur sy Seun, Jesus Christus, alles geskape. Boonop is alles nie net deur Jesus geskape nie, alles is ook vir Jesus geskape (vs 15-17).

Dit is wonderlik om te dink dat ons nie sonder 'n doel gemaak is nie, en dat ons hier is om Jesus Christus te verheerlik. Daar waar ons skoolgaan, daar waar ons studeer, daar waar ons werk in ons beroep, daar waar ons al oud en afgetree is, daar moet ons Jesus verheerlik omdat ons deur Hom en vir Hom geskape is.

Dit gebeur egter dat ons in ons lewens soms klein begin dink oor die grootheid van Jesus, en dat ons vergeet dat Jesus Hoof is oor alles en almal. Maar dan herinner die Heilige Gees ons deur Paulus daaraan dat Jesus die Hoof is oor die kerk en dat Hy uit die dood opgestaan het om as Hoof oor alles en almal te regeer (vs 18).

Volgende keer as ons by ons vensters uitkyk en God se skepping aanskou, as ons besig is met ons alledaagse werk, moet ons weet dat ons 'n doel het. Ons is hier om Jesus te verheerlik omdat Hy vir ons gesterf en uit die dood opgestaan het, en oor die hele skepping regeer. Daar waar ons ook al heengaan, regeer Jesus, kom ons loof en prys Hom daarvoor!

Sing: Psalm 8:1-4

Teologiese Student Daniel Maritz

4 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:1-10

Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:9 (1933/53-en 1983-vertaling)

Jesus is die hoeksteen, jy is 'n lewende steen saam met ander

Wanneer die apostel Petrus in vers 9 na die uitverkore volk en koninklike priesterdom verwys, dan verwys hy na ons wat die kerk van God hier op aarde vorm. Ons vorm die lewende stene wat bou op die steen wat God alreeds in Sion gelê het. Hierdie steen wat God gelê het, is Jesus Christus en Hy alleen vorm die Hoof van die kerk en die enigste vastigheid waarop ons durf om te waag bou.

Hoe kan ons verseker wees dat ons een van hierdie lewende stene is? Ons weet dit omdat ons Jesus Christus, die lewende steen, as ons Verlosser aanroep. Hy is die lewende steen wat die wêreld verwerp het, en wat vir hulle 'n steen geword het waaroor hulle struikel. Maar ons word deur hierdie steen tot lewende stene opgebou.

Daarom moet ons eerstens onself van al die dinge van hierdie wêreld reinig, naamlik kwaad, bedrog, huigelary, jaloesie en kwaadpraterij. En daarna moet ons verlang, eintlik smag soos 'n baba na die melk van sy moeder smag. So moet ons na die Woord van God smag. Ons smag nie soos mense wat maar net op iets beter hoop nie. Ons sien in vers 3 dat ons alreeds weet dat dit goed is vir ons. Daarom smag ons daarna.

Ons moet egter nie net tot ons eie voordeel opgebou word nie. Ons moet opgebou word sodat ons geestelike offers kan bring wat vir God welgevallig is en sodat ons God se verlossingsdade kan verkondig aan die wêreld waarin ons woon en werk.

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Teologiese Student Franscois Pretorius

5 Oktober

Skrifgedeelte: Johannes 10:7-16 (NAV)

Fokusgedeelte: Johannes 10:16

Ken jou Herder en volg Hom

Nog 'n Sondag. Nog 'n geleentheid om ons goeie Herder se stem te hoor en te leer ken. Elke Sondag wat ons in die kerk sit, leer ons Jesus Christus as ons goeie Herder ken. Ons leer Hom ken as die Een wat sy lewe vir ons kom aflê het. Ons leer Hom ken as die Een wat vir ons lewe in oorvloed gee. Wat 'n voorreg!

Tog is dit nie die enigste stem wat ons hoor nie. Ons hoor ook die stemme van die diewe en die rowers. Ons hoor die stemme van die huurlinge wat die skape vir die wolwe los ... Hierdie stemme kom in baie verskillende vorme – dwaalleer, geld, eersug, mag, plesier en so kan ons aangaan. Hierdie stemme is niks anders as wat ons in 1 Petrus 5:8 lees nie: *“Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind.”* In hierdie warboel van stemme het ons 'n groot troos – ons ken die goeie Herder se stem, omdat Hy ons eerste geken het (vs 14-15). Dit is voorwaar net genade en 'n voorreg, maar saam met hierdie voorreg kom daar ook 'n verantwoordelikheid ...

In vers 16 sien ons dat die goeie Herder ook *“nog ander skape, wat nie van hierdie kraal is nie”* het. Omdat ons die voorreg het om in die genade van ons Here Jesus Christus te deel, omdat ons die goeie Herder se stem ken en omdat die goeie Herder dit ook self aan ons opgedra het (Matt. 28:16-20), is dit ons verantwoordelikheid om sy stem te laat hoor! Ons moet die goeie Herder se stem tussen al die ander stemme van die wêreld laat opklink, sodat al sy skape na sy stem kan luister en een kudde kan word.

Kom ons volg ons goeie Herder en wees sy getuie in hierdie wêreld ...

Sing: Psalm 80:1 (1936)

Teologiese Student Jacques Tredoux

6 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 4:1-16

Bou die kerk op in liefde

Die kerk is God se kunswerk en daarom moet kerkmense na buite wys wie hulle is. Die atmosfeer waarin die kerk kan lewe en groei in krag en getalle, is die liefde. Waar twiste en onvrede en agterdog in die kerk is, versmoor gelowiges.

Die Heilige Gees het die eenheid tussen gelowiges en God en gelowiges onderling gesmee. Hierdie eenheid kan gehandhaaf word waar gelowiges in vrede met mekaar lewe. God Drie-enig is die beeld van eenheid. Daar is net één Vader, één Here Jesus Christus en één Heilige Gees, en daarom eenheid in die kerk.

Om eenheid te versterk, gee God, op grond van Christus se oorwinning, gawes aan elke gelowige asook gawes aan die gemeente, naamlik predikante, ouderlinge en diakens. Hulle moet die lidmate toerus en help om hulle dienswerk te doen sodat die kerk werklik een in kennis en geloofsoortuiging sal wees, volledig beheer deur Christus. Wanneer die kerk verdeeld raak, kan gelowiges maklik tussen dwalinge rondgeslinger word en kan hulle só fanaties veg vir die waarheid dat haat tussen gelowiges kan ontstaan. Nee, gelowiges moet so groei dat hulle in die atmosfeer van liefde die waarheid bedink en praat en verkondig. Dan groei hulle na Christus toe, want die einddoel van groei is om sy beeld te vertoon. Dan groei ons uit Christus wat ons groeikrag gee om mekaar in liefde op te bou.

Hoe gebruik jy die gawe wat God jou gegee het? Hoe hanteer jy verskille met medegelowiges in jou gemeente en met gelowiges uit ander gemeentes? Mag jy altyd in liefde by die waarheid bly!

Sing: Skrifberyming 21:1, 5, 6

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)

7 Oktober

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:1-16
Fokusgedeelte: Efesiërs 4:7, 12 (1933/53- en 1983-vertaling)

Gebruik jou gawes tot diens en opbou van die liggaam van Christus

Dit is vir ons soms so moeilik om ons gawes te identifiseer. Baie van ons gaan Sondag kerk toe, maar ons weet nie altyd wat ons plig as lidmate van die gemeente is nie. Ons teks is duidelik oor die feit dat elke gelowige 'n spesifieke taak gekry het. Wat is die taak wat die Here aan jou toevertrou het?

In Efesiërs 4 lê Paulus die klem op die eenheid van die kerk. Hy gebruik die beeld van die liggaam om hierdie punt te beklemtoon. Soos ons weet, het 'n liggaam verskillende liggaamsdele wat elkeen hulle eie funksie het. Elkeen van hierdie liggaamsdele het 'n besondere rol. As 'n betrokke liggaamsdeel, soos byvoorbeeld jou vinger, nie sy werk doen nie, is dit skadelik vir die hele liggaam en die liggaamsdeel. Dieselfde is die geval in die kerk. Aan elkeen van ons is 'n spesifieke genadegawe gegee soos ons in vers 7 lees. Indien ons as gelowiges nie ons genadegawes gebruik nie, is dit skadelik vir die kerk as geheel, maar ook vir onself.

Die Here het aan elkeen van ons 'n spesifieke gawe gegee om ons dienswerk te doen, en ook vir die opbou van die liggaam van Christus (vs 12). Jy het 'n gawe ontvang om vandag op 'n spesifieke manier die Here te dien. Of dit by die werk of by die skool is, die Here gebruik jou om Hom met jou gawes te dien. Die Here het ook 'n spesifieke taak vir jou in sy kerk. Daarom moet ons ook vandag daarop fokus om die Here uit dankbaarheid vir alles wat Hy vir ons doen, in die kerk te dien.

Gaan daarom vandag in met die wete dat die Here jou op 'n besondere wyse wil gebruik. Vra die Here om deur die Heilige Gees vir jou te wys op jou taak in die kerk en by jou werk. Dien die Here vandag opnuut uit dankbaarheid vir sy groot genade.

Sing: Skrifberyming 15-2:3

Teologiese Student Dirk de Bruyn

8 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12:1-11

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:7, 11

Elke mens kry 'n genadegawe van die Heilige Gees

Om te kan sê Jesus is die Here, is om te sê Hy is jou Verlosser en Koning. Dit kan jy nie uit jou eie sê nie. Jy kan dit slegs sê as die Heilige Gees in jou werk.

Die Korintiërs was heidene en het Christene geword. Hulle het tot hierdie belydenis gekom. Dit was 'n gemeente wat nog in haar geloof moes groei. Sy moes nog verstaan dat sy deel is van die liggaam van Christus (vs 12 ev.). Daarom gee die Here gawes aan die hele gemeente, nie net vir die Korintiërs nie, maar ook vir ons.

Die werk van die Heilige Gees gee eenheid in Christus se liggaam. Hierdie eenheid gee 'n verskeidenheid van gawes. Dit is alles die werk van die Gees onder die medegelowiges, elke medegelowige. Elke persoon is uniek in Christus se liggaam. Elkeen kry nie dieselfde gawes nie, daarom word die woorde "*elkeen en afsonderlik*" gebruik.

Veroorsaak dit nou hoogmoed onder ons? Nee! Dit mag nooit so wees dat ek afsonderlik my gawe gekry het, en nou roem ek daarop nie. In vers 7 staan daar "*wat nuttig is*" of "*tot voordeel van almal*". Dit beteken dat ek my gawes in die gemeente sal gebruik, tot opbou van die gemeente. Dit maak nie saak wat my funksie in die gemeente is nie, ek het 'n gawe ontvang en ek gebruik hierdie gawe tot opbou van die hele gemeente. God gee gawes aan my om dit weer in sy Koninkryk te gebruik.

Gaan dan met jou gawes en werk tot nut en opbou van almal, want die Gees het die gawes vir ons gegee en Hy woon ook in ons!

Sing: Psalm 45:1, 12, 13 (1936)

Teologiese Student Marco le Roux

9 Oktober

Skrifgedeelte: Eksodus 31:1-11
Fokusgedeelte: Eksodus 31:3 (1983-vertaling)

Doen vaardig jou taak, toegerus met die Gees

Die Here het vir Moses die opdrag gegee om die tabernakel en al die toebehore te laat bou, 'n spesifieke taak. Die volk wat uit Egipte getrek het, was nie gewoond aan goudsmeewerk en fyn ambagswerk nie. In Egipte moes hulle bakstene maak en konstruksiewerk verrig. Hulle benodig nou manne vir hierdie besonderse, fyn, moeilike en kunstige werk.

Daarom roep die Here vir Besaleël en Oholiab en rus hulle met sy Gees toe om hulle vaardig te maak vir die taak waartoe Hy hulle geroep het. Hulle word met insig en wysheid toegerus sodat hulle die taak met vaardigheid kan doen. Net die beste kom God toe, daarom moet hulle alles doen presies soos wat God vereis.

Wat beteken hierdie gedeelte vir ons vandag? Die Here roep ons ook op om in sy koningryk dienswerk te verrig. Hy roep persone en rus hulle met gawes toe. Dit kan geestelike gawes wees, maar Hy rus persone ook toe met praktiese talente. Nie almal is predikers, ouderlinge en diakens nie. Ons is almal verskillende lede van een liggaam en is met verskillende gawes toegerus.

Is jy miskien 'n boekhouer, ingenieur, webblad-ontwerper, bakker of bouer? Die Here het ook hierdie gawes aan jou geskenk en deur sy Gees rus hy jou toe om dit vaardig te gebruik in die gemeente waar jy is. Miskien roep die Here jou om 'n nuwe webblad uit te lê, komberse vir armes te maak, kaartjies vir die wat siek is ... Onthou, die Here rus altyd persone toe vir die dienswerk waarvoor Hy hulle roep.

Wees daarom nie bang as die Here jou roep om 'n verskil in die gemeente en gemeenskap te maak nie, maar leef jou gawes ook vaardig uit!

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Teologiese Student Danie Potgieter

10 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12

Die gawes van die Gees (1)

Die “charismatiese beweging” swiep in ons tyd soos ’n warrelwind deur alle kerke – die Gereformeerde Kerke inkluis. Dit verwaai en verwar ou Christene wat die Here al jare lank ken en dien. Hulle verlaat dan “gevestigde kerke” vir die “lewende kerke” waar:

- die lidmaat die spil is waarom die godsdiens draai;
- die Geestesgawes in byeenkomste funksioneer;
- die slagkreet is: “Die Here het vir my gesê ...”

Die Griekse woord “charisma” beteken Geestesgawe of genadegawe. Paulus ag dit só belangrik dat hy drie hoofstukke (12-14) daaraan wy sodat ons “ingelig moet wees” (12:1). Die gelowiges in Korinte het verskeie gawes ontvang (kyk vs 28). Hulle het dit egter selfvoldaan tot hulle eie voordeel aangewend en skynbaar selfs daarmee gespog! (Dit klink nogal bekend as jy na sommige van ons tyd se “charismatiese” Christene luister!)

Jy wat so op hol gaan met Geestesgawes asof jy daarmee mag spog en dink dat jy daarvoor beheer het en dit kan gebruik soos jy wil: die enigste doel daarmee is om *mekaar te dien* in jou gemeente. Soos die verskillende ledemate en organe die menslike liggaam dien, ontvang elke gelowige van die Gees ’n gawe (vs 7-11); dien al die Geestesgawes die liggaam (vs 12, 13); is elke gawe noodsaaklik (vs 14-21) en is al die gawes gelykwaardig (vs 22-26).

Dit is die eerste Bybeltoets waaraan jy die “charismatiese” Christen meet wat jou wil oorrumpel met ’n opgewonde getuienis oor wat “die Here” vir hom of haar gesê het.

Sing: Skrifberyming 21:1, 2, 3

Ds. J (Johan) Botha (Emeritus)

11 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 13

Die gawes van die Gees (2)

Daar is seker geen gelowige (veral vroue) wat hierdie lied oor die liefde nie baie goed ken nie. Tog let baie min mense op die konteks waarin dit staan, naamlik in die sentrum van die drie hoofstukke oor God se genadegawes (12-14). In die destydse skryfstyl het mens jou hoofsaak in die middel van jou brief geplaas.

Dit is dus die fokuspunt van hoofstukke 12-14: LIEFDE (Grieks: agape = liefde ten spyte van) is die hart, die belangrikste, die vorstin onder al die ander gawes van die Gees aan gelowiges. Trouens, al die ander is sonder die liefde sinloos, leeg en lawaaierig (vs 1-3), want liefde is nie selfsugtig, selfvoldaan, spoggerig en jaloers nie (vs 4-7).

Die tweede Bybeltoets vir die “charismatiese” Christene is die vraag: Het julle my ook lief ten spyte van ons verskille? Natuurlik geld die toets eweseer vir ons “tradisionele” Christene: Skinder jy net van die “happy clappies” of het jy hulle lief?

Daar is nog twee redes waarom liefde die ander genadegawe oortref: Agape is onverganklik, terwyl die ander uitgedien raak (vs 8-10) en agape is die teken van geloofsvolwassenheid, terwyl die ander maklik kinderagtigheid verraaie (vs 11).

Hierdie “liefde ten spyte van” is seker vir sondaars net so moeilik om te gee as onvoorwaardelike vergiffenis. Trouens, dit gebeur slegs wanneer Jesus se onvoorwaardelike liefde en vergiffenis deur sy Gees in jou geloofsare vloei.

Sing: Skrifberyming 21:4, 5

Ds. J (Johan) Botha (Emeritus)

12 Oktober

Skrifgedeelte: Handeling 14:21-23

Fokusgedeelte: Handeling 14:23

Kies ouderlinge vir God en gemeente

“Dink aan die ouderlinge in u gebede ...” ’n Opdrag in die formulier om ouderlinge te bevestig. U opdrag. Wat moet die ouderlinge doen?

In Handeling sien ons God se begin van die Nuwe-Testamentiese kerk. Ons kan sê dat die Here ook met ’n omkeerstrategie gekom het – waar Jesus die dood oorwin het en die apostels gestuur het om die blye boodskap oor die hele wêreld laat weerklink.

In hoofstuk 20:17-38 gee Paulus verslag oor sy werk aan die ouderlinge. Die feit dat hy – apostel, dominee-sendeling – aan ouderlinge verslag doen, plaas die klem op die belangrikheid van hulle taak in die kerk. In 20:28 word dit duidelik uitgespel:

- Die Heilige Gees stel ouderlinge aan. Dis God wat manne roep om sy werk te doen. Hulle is aan God verantwoordelik en moet met sy Woord in die hand en in die hart hulle taal verrig.
- Hulle regeer oor die hele kudde. Die kerk wat met die bloed van Christus gekoop is. So moet die ouderling elkeen ken om ag te gee, om op te pas.
- Hulle is herders. Weereens kan ons kyk na die wyse waarop Christus sy kudde oppas (Joh. 10). Hy loop vooruit, die kerk volg. Hy is bereid om sy lewe vir sy kudde af te lê.
- Hulle moet versorg. Hoe heerlik is dit nie om hierdie versorging te doen: om in liefde te vermaan en te tug, om met deernis te troos. Om soos Christus sy arms om elke lidmaat te vou en so Christus se sorg in die gemeente sigbaar en tasbaar te maak.

As ons dus ouderlinge moet kies, besef dat God ons gebruik om “ja” te sê vir manne wat Hy in sy kerk wil gebruik tot sy eer om sy kerk te versorg.

Sing: Psalm 23:1-3 (1936)

Dr. HF (Hennie) van Wyk (Bloemhof/Christiana)

13 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 5:17-19
Fokusgedeelte: 1 Timoteus 5:17

Die gawe van voltydse ouderling – die predikant

Waarmee hou die predikant hom besig? Ons fokusvers sê waarmee hy hom besig moet hou: die verantwoordelike werk van preekmaak en onderrig gee. Verder praat ons Skrifgedeelte oor traktering en kritiek teen die predikant.

Die primêre taak van die predikant is om hard in Skrifuitleg en Skriftoepassing te werk. Dit gebeur Sondae met die prediking. Dit gebeur ook met kategese en huisbesoek. Daar moet hy onderrig, vertroos, vermaan en tereg wys.

Elke preek gaan deur 'n geboorteproses: die Heilige Gees werk saam met die predikant waar 'n Skrifgedeelte bevrug word, deur die swangerskap gaan en gebore word. In baie gevalle twee keer per week. Daar word intensief gekyk na wat God openbaar, wat sy boodskap is en hoe dit prakties vir die eie gemeente van toepassing is. Baie ure, gebed, sweet en worsteling is deel van die proses.

Ook kategese en huisbesoek. Dis nie maar net sit en praat en 'n stukkie lees en bid nie. Nee, elke gesin ontvang 'n eie boodskap van die Here. Kategese is ook primêr die taak van die predikant, om die ouer te help dat die kinders God leer ken en vertrou, en dan gehoorsaam word.

'n Kort woord oor kritiek en traktering: bid dat hy sy werk goed kan doen. Bid vir hom as mens, dat hy krag kan ontvang om God se opdrag met bekwaamheid en vreugde uit te voer.

Predikante word dikwels met take oorlaai wat nie in ons fokusvers aan hom opgedra word nie. As ons weer werklik kerk van Christus wil wees moet ons hom losmaak van alle ander take van die predikant sodat hy kan fokus op preek, katkisasie, huisbesoek te doen en verlore skape te soek.

Sing: Psalm 134:1, 2 (1936)

Dr. HF (Hennie) van Wyk (Bloemhof/Christiana)

14 Oktober

Skrifgedeelte: Handeling 6:1-7

Fokusgedeelte: Handeling 6:2b en 7b

Die voorganger in omgee – die diaken

Sorg, sorg, sorg. Die een woord wat die taak van die diaken saamvat. Ons lees in Handeling 2:42 dat die apostels vier take verrig het en dat die sewe diakens twee van die take moet oorneem: onderlinge verbondenheid en gemeenskaplike maaltyd (die gemeenskap en die breking van die brood). Die diakens het dus twee take: 'n geestelike toerusting en 'n fisiese versorging.

Dis so jammer dat die taak van die diakens in baie gemeentes nog net uit “armsorg” bestaan. Lees gerus weer die Formulier vir bevestiging van Diakens.

In die eerste plek moet die diakens lidmate toerus, leer en onderrig om vir mekaar Christus se liefde te wys. Daar mag niks in 'n gemeente in die weg staan dat lidmate mekaar liefhet en vir mekaar omgee nie. Een van die aspekte is maar armsorg.

Waar diakens nie hierdie geestelike sorg gee nie, raak 'n gemeente afgestomp en liefdeloos. Daarom is die onderlinge verbondenheid so belangrik. Die 1953-vertaling gebruik die woord “gemeenskap”. Dit is 'n baie intensiewe omgee en sorg vir mekaar.

Die tweede deel van vers 7 noem dat 'n groot aantal priesters gelowig geword het. Hulle het vanuit die offerdiens 'n groot bydrae in die vroeë kerk gelewer: om die liefde en offergesindheid met oorgawe uit te dra.

Niks het verander in die afgelope 2 000 jaar oor die leemtes in menswees nie. Steeds breek en verskeur Satan waar ons die liefde van Christus soek. Daarom is hierdie diens so uiters noodsaaklik: Leef die liefde van Christus sigbaar uit teenoor ieder en elk wat glo dat hulle enigste Verlosser en Saligmaker Jesus Christus is.

Sing: Psalm 4:3 (1936)

Dr. HF (Hennie) van Wyk (Bloemhof/Christiana)

15 Oktober

Skrifgedeelte: Numeri 11:10-17, 24-30
Fokusgedeelte: Numeri 11:17, 29

Gedeelde toerusting bring gedeelde las

Moses het swaar aan die las gedra. 'n Gemeente van 600 000 wat nog soos babas versorg moet word, is te veel vir enige mens, selfs vir Moses wat met God se Gees toegerus was. Hy hét sy bes probeer, en op advies van sy skoonpa Jetro leiers aangestel om hom te help (Eks. 18). Maar die gemeente het klaagsiek gebly ten spyte van dié gawe van goeie administrasie.

Moses bekla toe sy lot by die HERE. Hy ervaar dat die HERE hom onbillik behandel. Dis tog die HERE se volk wat Hy in die wêreld gebring het en nou moet Moses vir hulle sorg. Dis mos nie reg nie? Ja, dit gebeur maklik dat ons kla as die taak wat ons van die HERE ontvang, vir ons te swaar word. Moenie huiwer om openhartig met die HERE te wees nie. Hy weet buitendien hoe jy voel.

Toe leer die HERE vir Moses wat die werklike oplossing vir die probleem is. Een mens kan nie die volle krag van God se Gees tot sy reg laat kom nie, en goeie administrasie op sigself is ook nie die oplossing nie. God se Gees moet in al die leiers wees en die gawe van profesie (onderrig in God se woorde) is veral nodig. En so gebeur dit toe dat Moses en die 70 leiers daar rondom “die tent van ontmoeting” ’n besondere ontmoeting met die HERE se Gees beleef. Moses moes leer dat God ook ander toerus om die las te help dra.

En: Hy het goed verstaan wat die HERE vir hom wys. Toe die jongman kom vertel van Eldad en Medad wat selfs in die kamp profeteer, was hy dadelik reg met die vergesig-antwoord: *“Ek sou wou wens dat die hele volk van die Here profete was, en dat sy Gees op almal mag lê”* (vs 29). Hierdie Pinksterdroom van Moses het wel ’n lang tyd geneem om waar te word (Hand. 2), maar vandag kan ons dit saam met hom uitjubel.

Wanneer almal in die gemeente deur die krag van God se Gees hulle deel doen vir die uitdra van die evangelie en die versorging van God se gemeente, het ons ’n nuwe gemeente vir wie die las van Jesus lig en sy juk sag is (Matt. 11:29).

Sing: Skrifberyming 17-2:5-8 (SB 18)

Ds. JA (Johan) Schutte (Sasolburg)

16 Oktober

Skrifgedeelte: Lukas 10:1-3, 16-21

Fokusgedeelte: Lukas 10:1-3

Word deel van die 70, bid vir meer en gaan self!

Die 70 (of 72 dan) dissipels wat Jesus uitgestuur het, laat 'n mens nogal dink aan Moses se 70 waarvan ons gister gelees het. Daar is eerstens 'n breër visie en tweedens 'n ruimer opdrag. En dan ook die getal 70.

Die breër visie kry ons deur hulle opdrag met die uitstuur van die 12 apostels te vergelyk. Matteus sê dat die 12 spesifiek gestuur is “*na die verlore skape van die volk Israel toe*” (Matt. 10:6). Hulle opdrag was om die dorpe van die Samaritane te vermy. Maar die 70 is uitgestuur “*na elke dorp en plek waarheen Hy van plan was om te gaan*” (Luk. 10:1). Ja, ons opdrag begin by die eie huis, maar dit eindig nie daar nie. Wie saam met Jesus op weg is en deur sy Gees gelei word, sal vind dat ons “*uit wydste kringe*” van die nood vir die evangelie van God bewus word. Vernuwung in ons geloof en in ons bediening vereis visionêre leierskap wat ons aanmoedig om die goeie nuus werklik onder alle volke te versprei.

Saam met die breër visie kom *die ruimer opdrag*. “*Bid dan ...*” en: “*Gaan nou!*” sê die Here Jesus. Te maklik verstaan ons hierdie opdrag asof die een klomp moet bid en die ander moet gaan. Nee, dieselfde 70 wat moes bid, moes ook gaan. En die aanmoediging wat hulle ontvang, nie juis rooskleurig nie: “*Ek stuur julle soos lammers tussen wolwe in.*” Die geskiedenis leer ons dat hierdie woorde maklik na “*soos wolwe tussen lammers in*” omgedraai word. As Hy, “*die Lam van God*”, ons aanmoedig om self “*soos lammers*” te wees, dan sê dit baie vir die persoonlike voorbereiding van elkeen wat in diens van God staan.

En dit bring ons by die 70. 'n Getal met simboliese betekenis. God se volmaakte span, nie omdat ons vanself volmaak is nie, maar omdat God ons met die krag en toerusting van sy Heilig Gees vol maak, sodat selfs die geeste van hierdie wêreld hulle aan ons onderwerp. En as ons twyfel geld die volgende ook vir ons: “*Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing*” (2 Tim. 1:7).

Sing: Psalm 72:1, 10, 11 (1936)

Ds. JA (Johan) Schutte (Sasolburg)

17 Oktober

Skrifgedeelte: Eksodus 18:13-26
Fokusgedeelte: Eksodus 18:19, 20

'n Leier maak leiers in diens van God

Moses was 'n leier by uitnemendheid. Dit word duidelik in sy teenwoordigheid saam met Elia en Jesus op die berg van verheerliking. 'n Ware leier wat sy volk uit Egipte na die beloofde land gelei het. Tog was daar gebreke. Dit wil voorkom asof Moses nie vertrou in sy medemens gehad het nie. Hy wou alles self doen. Self regspraak, alleen mondstuk vir die HERE wees.

Sy skoonpa, Jetro, self 'n priester en 'n man wat God geken het, het dit opgemerk. (In Eksodus 2:18 word Jetro as Rehuel voorgestel, wat letterlik beteken: "vriend van God"). Hoewel hy baie bly was oor al die gebeure tydens die uittog (18:10, 12), het hy die tekortkominge in die leierskap van Moses raakgesien.

As leier moes hy leiers uit die volk maak om in diens van die HERE te staan. Jetro het die raad gegee: Wees jy verteenwoordiger van die volk by God. Maar kry verder bekwame manne om owerstes te wees. Brilljant! Hoe eenvoudig is dit nie? 'n Leier moet deleger en vertrou in ander hê. Die kerk van die Here is toegerus met talle hoogs bekwame mense op verskillende terreine en hulle moet hulle in diens van die Here uitleef. Dan bring elkeen sy deel en die kerk groei.

Is dit nie hoekom die kerk ná Pinkster uit sy nate gebars het nie? Die Here Jesus as Verlosser van sy kerk het 'n groep manne bekwaam gemaak. Ons noem hulle apostels. Jesus het hulle deur sy Heilige Gees gelei. Judea, Samaria tot by die uithoeke van die wêreld. 'n Klein groepie met 'n klein begin het oorgegaan om die kerk onder alle nasies, volke en tale te vestig!

Sing: Psalm 63:3 (1936)

Ds. MJ (Tinus) Smidt (Ficksburg)

18 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 8

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 8:13-15

Leiers kan nie liefhê sonder om te gee nie

Ons bely dat elke lidmaat aan die gawes van die Heilige Gees deel het. Daarom is dit ons taak om ons gawes in liefde tot nut en saligheid van ander aan te wend. 'n Christen is 'n leier en 'n leier is 'n persoon wat voor loop. Hy stel die voorbeeld en ander volg.

Die Christene in Jerusalem het as gevolg van omstandighede geldelik swaar gekry. Uit ander dele is daar geld ingesamel om hierdie gelowiges te ondersteun. Die Macedoniërs het uit hulle gebrek groot bydraes gelewer. Paulus het ook die Korintiërs by hierdie projek betrek.

Dikwels val die klem net op die stoflike bydrae en nood. Tog het die gemeente in Jerusalem baie gehad om te gee. Hulle kon weer aanvul wat die Korintiërs in die geloof ontbreek het. Die regterhand moet egter nie weet wat die linkerhand doen nie. Jy moet gee sonder om iets terug te verwag. Jy moet uit 'n gesindheid van opregte meelewing gee. Dit is 'n heerlike wisselwerking – een gee stoflik en die ander gee geestelik. Vir beide is dit wins!

Die motivering wat Paulus gebruik, is Jesus Christus self. In sy groot liefde het Hy wat ryk was, ter wille van ons arm geword, sodat ons deur sy armoede ryk kan word (8:9). Hierdie voorbeeld van Christus moet ons dryf om ander te dien. Om werklik Christen te wees, 'n be-Geesterde lidmaat, beteken dat my oë en hart oop sal wees vir ander, om dit wat ek uit genade ontvang het, in vreugde met ander te deel.

Sing: Psalm 138:4 (1936)

Ds. MJ (Tinus) Smidt (Ficksburg)

19 Oktober

Skrifgedeelte: Jakobus 5:7-20 (OAV)
Fokusgedeelte: Jakobus 5:16, 19-20 (OAV)

Het jý al vir 'n ander gaan bid?

Jakobus, een van Jesus se vier broers, het eers ná Jesus se opstanding tot geloof gekom (1 Kor. 15:7). Volgens Handeling 1:14 sit Jakobus en sy broers in die kring van die wagtende gemeente. Hy word as 'n apostel beskou (Gal. 1:19) en saam met Johannes en Petrus tot die pilare van die gemeente in Jerusalem gereken (Gal. 2:9). Hy was die voorganger daar (Hand. 12:17; 21:18).

Die Jakobusbrief leer dat geloof jou in verhouding met God én mens bring. In jou geloofsuitlewing moet jy by die verlossing wat deur Christus verwerf is, bly. Daaraan moet jy vashou. Maar jy moet dit óók in jou verhouding met mekaar uitleef. Daarom sê hy in 2:14: “Wat baat dit as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie?” Jy kan nie vir 'n naakte en honger mens sê: Gaan heen in vrede, word warm en versadig nie. Geloof is 'n praktiese leefwyse wat ook tot mekaar gerig is.

Hierdie “mekaar”-verhouding kan 'n verkeerde uitgangspunt hê wanneer dit in jou welluste, naywer, jaloersheid en hoogmoed tot jouself gerig is (vgl. 4:1-10). Ook in jou kwaadsprek van mekaar (4:11); in jou kla en sugte teen mekaar (5:9); en in jou sweer by die hemel (5:12). Die regte uitgangspunt in die “mekaar”-verhouding is geduld en verdraagsaamheid (5:7, 11). En dan veral in die saambid en psalmsing (5:13).

Beoefen die geloof uit deur vir mekaar te gaan bid! Gebed is 'n gesprek met God. Wanneer jy vir iemand bid, tree jy as 'n voorganger vir daardie persoon op. Jy plaas jou in sy skoene en vertel in nederigheid voor God wat die omstandigheid, misdaad of ergernis is. “Die gebed van 'n regverdige het groot krag” (5:16). Vergelyk maar Elia se gebede ten opsigte van die reën. Jou gebed kan ook iemand tot redding laat kom (5:20). Jou gebed kan iemand se weerstand teen God breek en hom aan God laat oorgee.

Dra mekaar in die gebed aan die Here op! Ondersteun mekaar in die gebed! Het jý al vir 'n ander gaan bid?

Sing: Psalm 37:2, 24, 25 (1936)

Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)

20 Oktober

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:1-26 (OAV)

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:6, 13, 16 (OAV)

Geloof is nie net praatjies nie, maar ook liefdesdade!

Oktober is kerkhervormingsmaand en ook die afronding van katekisasiekinders om belydenis van die geloof af te lê. Ons dink aan wat *geloof* is, en wat ons *geloofslewe* eintlik is. In Romeine 1:17 lees ons: “Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.”

Deur die geloof word ek van die ewige verderf gered en verkry ek die ewige lewe. Geloof is 'n *verstands*-iets, 'n *hart*-iets én 'n *doen*-iets. Galasiërs 5:6 (NAV) sê: “In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, *is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan*.” Dus, geloof is: glo met die *hart*, *verstand* en met die *hand*!

Paulus spreek die Galasiërs aan dat hulle van geloof net 'n verstands-iets maak. Hulle redeneer agter dwaalleraars aan dat 'n mens net 'n ware Christen kan wees as jy Christus bely én besny is (m.a.w. die wette van Moses onderhou). Dit wil sê: Christus plus wetsonderhouding. Hierdie dwaling bring spanning in die gemeente mee. In hulle redenasies byt en verskeur hulle mekaar! Paulus sê verder: “Pasop dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie” (Gal. 5:15).

'n Katekisasiekind sê op 'n keer: “My pa en ma sê dat hulle gelowiges is; dat hulle in die Here glo. Maar, dominee, hulle baklei so baie. Geloof is dan vir hulle net praatjies – bla-bla-bla! Dan wil ek liever nie 'n gelowige wees nie!” Is dit dalk jóú kind wat só praat?

My broer, my suster – maak seker jóú geloof is nie praatjies nie! “Al wat van belang is, *is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan*” (Gal. 5:6). “Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word” (Gal. 5:16). “Die vrug van die Gees is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goeiehartigheid, getrouheid, nederigheid, en selfbeheersing” (Gal. 5:22). “Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal” (Gal. 5:25). Oefen julle daarin dat julle hele lewe liever liefdesdade is wat die mense rondom jou in die geloof bou!

Sing: Psalm 86:6 (1936)

Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)

21 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 4:13-18 (OAV)
Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 4:13

Troos mekaar met die versekering van volle vreugde vir alle gelowiges, wanneer die Here kom

Van die gelowiges in Tessalonika was bang dat ontslapenes met die wederkoms 'n agterstand sou hê by dié wat dan nog lewe. In die leefwêreld van die heidendom, waaruit hulleself onlangs eers bekeer is, was daar geen hoop vir die liggaam van 'n ontslapene nie. Dit het die gelowiges laat wonder of hulle geliefdes dalk nie die vreugde en die heerlijkheid van die wederkoms sou smaak nie, en so is hulle ontnem van troos by die dood.

Paulus besweer hierdie vrese, deur gelowiges in dié verse op die HERE te wys. In die eerste plek moes hulle verstaan dat, terwyl sy dood nog sterwe was (vs 14), die gelowiges wat in Hom sterf, dit wil sê deur geloof deel is van Hom met hulle dood, nie soos Hy sterwe nie, maar *ontslaap* (vs 13). Deur Christus se sterwe, wat nog betaling vir die sonde was, verander die aard van gelowiges se dood. Dit word 'n *ontslapene* waaruit gelowiges se gees by die HERE ontwaak en ook hulle liggaam op die laaste dag sal opstaan.

Die Here Self verseker daarom dat gelowiges gesamentlik die heerlijkheid van die wederkoms sal beleef. Die wederkoms gebeur onderstreep dit:

- Die ontslapenes sal met sy terugkeer eerste opstaan. Sy koms gaan immers gepaard met die opdrag daarvoor. As Oorwinnaar sal die Here hierdie bevel gee, wanneer Hy sigbaar uit die hemel neerdaal.
- Dan weerklink ook die basuin van die aartsengel, om die ontmoeting van God met sy volk aan te kondig.
- En as voltooiing van die gebeurte sal alle gelowiges, dié wat met 'n verheerlikte liggaam opgestaan het en hulle wat dan in 'n oogwink verheerlik sal word, saam weggevoer word om altyd by die Here te wees.

Sing: Skrifberyming 33:1, 2, 3

Ds. BC (Ben) Smit (Pretoria-Meintjeskop)

22 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:1-11 (OAV)

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5: 8

Dagmense, bemoedig en bou mekaar op, met die oog op die Here se koms

Nie alleen die *wat* van die wederkoms nie, maar ook die *wanneer* was 'n probleem in die gemeente van Tessalonika. Daarom leer die Here deur sy apostel dat dit nie gaan oor die *hoe lank* en *die wanneer* van Christus se terugkeer nie, maar oor die hier en nou van ons lewe. Hier waar ons leef óf as nagmense óf as dagmense.

Nagmense se grootste kommer is hulle eie belange. Daarom is hulle uitkyk op die lewe beneweld en verwronge soos dié van besopenes. Eerder as om doelgerig en paraat met die oog op die wederkoms te lewe, raak hulle verdwaal in die dinge van die wêreld. Dis daarom geen verrassing dat die wederkoms vir hulle totaal ontydig is en hulle onverwags oorval nie. Te laat sal hulle besef dat ewige vernietiging hulle onafwendbare lot is.

Dagmense aan die ander kant, se lewe weerspieël die lig wat van die Here afstraal. Die kenmerk van hulle lewe is nugtere balans en hulle beskik oor visie wat agter hierdie wêreld altyd die Here raaksien. Die apostel vergelyk hulle lewenshouding met dié van 'n wakker soldaat wat op wag is. Vaste kennis van God en sy openbaring en liefde vir Hom beskerm so 'n soldaat se hart teen aanslae van buite terwyl sy denke deur sekerheid oor verlossing in Christus beheers word.

Met hierdie sekerhede van geloof, liefde en hoop, moet ons as dagmense langs mekaar gaan staan en mekaar aanmoedig en opbou, eerder as om op mekaar neer te sien en mekaar af te breek.

Mag die Gees wat jou in Christus'n dagmens gemaak het, jou vandag lei om ook as een te lewe.

Sing: Psalm 31:13, 14, 15 (1936)

Ds. BC (Ben) Smit (Pretoria-Meintjeskop)

23 Oktober

Skrifgedeelte: Kolossense 3:1-25
Fokusgedeelte: Kolossense 3:11

Christus is alles en in almal

Wat is na alles tog werklik die hoofsaak? Dat Christus alles vir almal is. Elkeen wat saam met Christus gesterf het, het ook saam met Hom opgestaan en het deel aan 'n lewe waarin Jesus Christus alles in almal is. Hierdie unieke kennis maak jou sterk om hier op aarde tot God se eer te leef. Die mense van hierdie wêreld beskou so 'n lewe egter as 'n teken van mislukking, lawwigheid of 'n vermorsing van tyd en energie.

Die volgelinge van Jesus Christus leef 'n lewe wat die karaktereenskappe het om roem te vermy. Hierdie karaktereenskappe het volgens Paulus te doen met seksuele vergrype (vs 5), of met vergrype wat woede as grondslag het (vs 8). 'n Lewe waarin Christus "alles en in almal" is, is 'n lewe wat van hierdie vergrype afstand doen. Uiteindelik beleef hierdie nuwe mense hoedat almal wat aan die Here behoort, waarlik aan mekaar gelyk is, omdat hulle met die Here een is (vs 11).

Die groot troos en betekenis van Christenwees is die woordjie "alles": "Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee" (Fil. 4:13). "En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus" (Fil. 4:7). In Christus is alle grense van ouderdom, geslag, kultuur of gebrokenheid in hierdie wêreld oorwinbaar. Al die ander beloftes van die Woord word waar vir hulle wat Jesus hulle "alles en in almal" maak.

As die Here vandag iemand op jou pad plaas vir wie die sin van die lewe vervaag het, wat sal jy vir hom/haar sê? Christus is "alles en in almal".

Sing: Skrifberyming 35:3

Dr. ME (Etienne) Schalekamp (Emeritus)

24 Oktober

Skrifgedeelte: Markus 10:13-25

Fokusgedeelte: Markus 10:14, 24

Leer by 'n kind hoe om die koninkryk te lééf!

Ons luister dikwels baie vinnig na Jesus se reaksie teenoor hierdie kindertjies, maar dink só lank oor hoe Jesus hierdie jongman aanspreek oor hoe hy die ewige lewe kan verkry. Net so maklik vergeet ons van die klein kindertjies in ons gemeente en fokus op die manne en vroue wat die bediening doen. Ons luister baie min na die klein kindertjies in die gemeente, terwyl ons volle aandag opgeneem word wanneer die predikant, ouderling, diaken of beswaarde lidmaat praat.

Tog is dit nie wat Jesus gedoen het nie! In hierdie besondere stuk in ons Here se Woord hoor ons hoe Jesus Christus verby die volwassenes kyk en die kindertjies seën en dan hoe Hy, deur middel van hierdie kindertjies, 'n besondere les leer vir die volwassenes wat daar staan: die koninkryk van God kan net ontvang word wanneer jy dit soos 'n kindjie ontvang.

Ons hoor dikwels dat ons as die kerk van die Here die koninkryk van God in hierdie wêreld moet indra. Tog sukkel ons só baie daarmee en weet ons nie hoe om dit te doen nie. Christus leer ons hier dat die koninkryk van God juis vir mense soos hulle bedoel is. En dan, wanneer die dissipels verbaas is oor hoe moeilik dit is om in die koninkryk van God in te gaan (vs 11, 12), noem Hy hulle juis “kinders”!

God, in sy groot genade, gebruik kindertjies om ons te leer hóé om sy koninkryk werklik te lééf, en daarom moet ons, as kerk van die Here, kindertjies deel van ons bediening maak. Ons moet stil word en kyk hoe 'n kindjie, byvoorbeeld, op 'n eenvoudige manier van homself sal weggee vir iemand wat minder as hy of sy het. Eers dan kan ons iets van die koninkryk van God begin verstaan en leef ...

Sing: Skrifberyming 16-1:1, 2, 6, 7

Ds. KP (Karel) Steyn (Potchefstroom-Oos)

25 Oktober

Skrifgedeelte: Romeine 12
Fokusgedeelte: Romeine 12:9-21

Goeie nuus: God se vrypraak is bevrydend

Om deur God vrygespreek te wees, is ongelooflik bevrydend! Dit is 'n bevryding wat baie beslis ook jou lewenspraktyk totaal en al verander, omdat die sonde jou nie meer oorheers nie. Gods vryspraak beteken letterlik dat jy 'n metamorfose ondergaan, soos 'n larwe wat 'n skoelapper word.

Wat van verse 9-21 van Romeine 12 dan? Gees-geïnspireerd toon Paulus aan hoe jy jou hele lewe kan inspan om dankbaarheid aan God te bewys vir die redding wat jy reeds ontvang het. Die verse help jou om die opofferende liefde van Christus met daad vir ander mense sigbaar te maak.

In jou lewe moet die liefde opreg wees. Met die liefde moet jy nie toneel speel nie, want Jesus se liefde vir jou was alles behalwe toneelspel. Jy haat wat sleg is, soos jou Here dit haat. Hartlike broederliefde en hartlike toewyding moet jou hele lewe kenmerk. Jy sal geesdriftig wees, omdat die Heilige Gees in jou woon. Help jou medegelowiges in hulle nood, want in jou sondenood het die Here jou hulpgeroep gehoor.

Sover moontlik moet jy in vrede met alle mense leef. Doen selfs 'n goeie daad aan jou vyand en oorwin die kwaad deur die goeie. So lyk die lewe van die nietige mens wat uit genade en deur God se guns vrygespreek is.

Oorweeg elkeen van die voorskrifte soos wat in Romeine 12:9-21 neergeskryf is. Doen dit teen die agtergrond van God se opofferende liefde – sy liefde vir jou en al sy kinders, omdat elkeen kosbaar in sy oë is. Is jou lewe werklik “anders”? Onthou tog – God hét jou in sy Seun vrygespreek. Die lied is waar: “Wat 'n liefde en volheidslewe, het die Vader ons gegewe dat Hy ons sy kinders noem!” Dank Hom vir sy goeie nuus wat ongelooflik bevrydend is.

Sing: Skrifberyming 21:1, 2, 3

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)

26 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 10:23-33 (NAV)
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 10:31

Alles tot eer van God ...!

Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God. Hoe dan anders, sou 'n mens wil vra? Is hierdie oproep van Paulus dan nie 'n gegewe of 'n normale vertrekpunt vir ons as gelowiges nie? Is dit dan nie ons hoogste motief en die uiteindelijke doel van ons bestaan nie? Om alles te doen tot *eer van God!*

Ja, natuurlik, wil ons eenparig antwoord, nie waar nie? Maar tog blyk dit dat hierdie oproep van Paulus aan die gemeente in Korinte nie so eenvoudig was nie. Korinte, 'n wêreldstad vol afgodery, heidense praktyke, losbandigheid en onsedelikheid, opstandigheid, leuens en valsheid! Die evangelie van Jesus Christus is hier as onsin en dwaasheid uitgelag. Die samelewing was deurspek met maatskaplike, sosiale en geloofsprobleme – buite die gemeente en binne die gemeente – dit klink byna soos vandag!

Daarom is die uitleef van die opdrag vandag nog net so moeilik. Nie dat die verwagting van God in ons teks buitensporig is nie, maar ons is steeds sondige mense en deel van 'n sondige wêreld wat *God se eer* beslis nie in alles eerste stel nie.

En tog kom die oproep steeds helder en duidelik tot ons as Christengelowiges ... *wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God.* Hierin sien ons dat die *eer van God* nie onderhandelbaar is nie – dit maak nie saak tussen wie en waar ek my bevind nie, dit maak nie saak waarmee ek besig is nie. *God se eer, sy heerlijkheid, sy heiligheid, sy glorie*, moet in hoofletters bo my gedagtes, my woorde en my daede geskryf staan. Dit beteken ek kan nie maar redeneer en praat en maak soos ek wil nie ... in alle omstandighede (ja, ook vandag nog) moet ek onder leiding van die Heilige Gees *God se eer* soek.

En deur my soeke na *God se eer*, moet ek doelbewus ook andere in die geloof opbou. My eie belange, my eie vryheid, my eie gewete, my eie voorkeure ... *al my doen en late* ... word 'n dankoffer vir die reddende genade wat God deur sy Seun Jesus Christus aan my bewys het ... en so ontvang God die *eer!*

Sing: Psalm 149:1, 2 (1936)

Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)

27 Oktober

Skrifgedeelte: Spreuke 27:1-27 (NAV)

Fokusgedeelte: Spreuke 27:17

Vorm slypgroepe ...!

“Yster slyp yster, vriende vorm mekaar.” Hierdie spreukwoord spreek boekdele en tog is die betekenis daarvan heel eenvoudig. Die slypproses wat die Spreukeskrywer in gedagte het, is die skerpmaakproses van ’n swaard of ’n spies waarin die een yster die ander so vorm dat albei meer bruikbaar word (’n skerp spies en swaard beteken tog baie meer as ’n stomp een).

Die betekenis van die spreuk hou daarom verband met die positiewe invloed van een mens in ’n ander se lewe. In ’n goeie vriendskapsverhouding, waar daar ’n slyp- en vormingsproses plaasvind, vind vriende baat by mekaar. En opbouwende gesprekke, positiewe kommentaar, geestelike beredenering en geloofsgefundeerde besluite, word alles deel van die skerpmaakproses tussen goeie vriende.

Hierdie voordelige verhoudinge behoort egter ook wyer te kring as net tussen vriende. Die gemeenskap van gelowiges, die kerk van die Here, is die ideale werkskamer vir hierdie slypproses, en daarom is doelbewuste geestelike gesprekke, opbouwende Bybelstudies, effektiewe vergaderings en ander positiewe byeenkomste so belangrik. Gelowiges wat spontaan ander gelowiges se teenwoordigheid opsoek om ’n positiewe bydrae te maak, is kragtige instrumente in God se hand. So vorm God sy kerk en bou Hy sy Koninkryk op!

Die slypvonkies wat by die deur van die werkskamer uitspat, bring ook lig in die donker daarbuite. Die roeping van gelowiges is dus nie net om mekaar te vorm nie, maar ook om buite die kring van die kerk ’n positiewe invloed uit te oefen. Ons Here Jesus het nie teruggedeins en nie skaam gekry oor waar Hy gesien is en in wie se geselskap Hy was nie, want Hy het geweet sy teenwoordigheid in ’n mens se lewe, verander en vorm so ’n lewe vir altyd.

Daarom vra die teks ons om bietjie strategies te dink ... hoe en waar en wanneer kan ek betrokke raak en vriende maak met iemand, binne en buite die gemeente, wat gaan baatvind by my teenwoordigheid in hulle lewe! En dalk sien ek nie kans om die geleentheid op my eie aan te pak nie en moet ek kragte saamspaan met ander vriende om as ’n groep ’n positiewe bydrae in ander se lewe te maak!

Sing: Psalm 89:1, 3 (1936)

Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)

28 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20 (NAV)
Fokusgedeelte: Matteus 28:19

Gaan ...

Ons heg gewoonlik baie waarde aan 'n persoon se laaste woorde op aarde. Jesus het kort tevore uit die dood opgestaan en wanneer Hy sy dissipels beveel om Hom te ontmoet, verwag die verslae dissipels weer iets groots. Hy was dood. Nou staan Hy in hulle midde. Sekerlik wou hulle Hom nooit weer laat gaan nie.

Jesus se woorde bring vir hulle sekerheid en troos: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op aarde." Om met so iemand bevriend te wees, kan beslis net voordelig wees. Hulle sou nooit weer toelaat dat Hy ver van hulle moet gaan nie. En tog stuur Jesus hulle weg met sy eerste woorde: "*Gaan ...*"

Ons lees egter in vers 18 dat Jesus eers *nader* aan sy dissipels gekom het. Daarmee openbaar Hy sy deernis vir en betrokkenheid by die mens in nood. Jesus beklemtoon eers sy posisie. Hy het die dood oorwin. Hy beskik oor alle mag. Hierdie waarheid motiveer ons verdere optrede. Ons kan mos nooit oor hierdie heerlike boodskap stilbly of stilstaan nie. Ons kan nie anders as om te *gaan* nie. Dit is die wese van dissipelskap. Dit is om met jou optrede die hart van die evangelie te leef. Om Christus te dien, vra 'n dinamiese lewe. Die werkwoord "gaan" waarmee Jesus die dissipels uitstuur, is nooit verlede tyd nie. Soos 'n avonturier elke keer 'n nuwe uitdaging aanvaar en opgewonde voorberei en nie kan wag om hoër hoogtes te verken nie, moet ek bereid wees om te gaan!

Dit was nooit Jesus se bedoeling om in Matteus 28 'n akademiese en teologiese geprek oor doop, bekering en leer te begin nie. Sy opdrag was eenvoudig net: "*gaan*". Die inhoud van die boodskap wat die dissipels moet gaan uitdra, is die enigste rede vir die opdrag: Jesus het alle mag! Jesus is elke dag by ons! Waarheen *gaan* jy vandag met hierdie heerlike boodskap?

Sing: Psalm 91:6 (1936)

Ds. PJ (Petrus) van Blerk (Rustenburg-Wes)

29 Oktober

Skrifgedeelte: Handeling 28:16-31
Fokusgedeelte: Handeling 28:28

Die evangelie van ons Here Jesus Christus breek onkeerbaar deur!

Van die eerste oomblik af was die bedoeling van die evangelie om uitgedra te word. Die blye boodskap was nie net bedoel vir enkele bevoorregtes wat net hulleself wil verknuus, verkreukel en verlekker nie. Net voordat die dissipels toegerus word met die gawe van die eindtyd – die Heilige Gees wat uitgestort word – is hulle opdrag duidelik: *Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld* (Hand. 1:8).

Hierdie dissipels was inderdaad getuies daarvan van Jerusalem af (vgl. 1:1 – 8:3) tot in Judea. Dit het verder uitgekring tot in Samaria (vgl. 8:4-40) en uiteindelik tot in die uithoeke van die wêreld (dit is Rome, vgl. 9:1 – 28:31).

Die uitbreiding van die evangelie soos Handeling dit verhaal, was baie moeisaam en het groot offers geverg. Openbaring sê dat die verkondiging van die boodskap bitter in die maag, maar so soet soos heuning in die mond is (Op. 10:10). Uiteindelik is daar niks wat die kragtige deurwerking van die evangelie kan stuit nie. Dit stu voort deur die hele wêreld soos 'n triomftog en laat die onmiskenbare geur van die dood en die lewe agter (2 Kor. 2:14-17). As die evangelie onherroeplik verbybeweeg het, sonder dat toeskouers deel van die juigend blye skare geword het, bly net die geur van die ewige dood oor.

Dit moet die uitverkore volk van God – die Jode, en ook die kerk – by Paulus hoor: *Julle moet nou goed verstaan dat God se boodskap van redding na die heidennasies toe gestuur word. Hulle sal luister* (Hand. 28:28 ... as julle dan nie wil hoor, sien en verstaan nie).

Sing: Psalm 68: 1, 2

Dr. RM (Rudolph) van der Merwe (Parys)

30 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 4:17-5:21

Lewe as nuwe mense

Ons was, soos die heidene vandag, domastrant en daarom het ons nie omgee hoe ons lewe nie. Maar (weer die “maar” van God se genade) ons het anders geword toe ons Christus leer ken het en met Hom in 'n persoonlike geloofsverhouding gekom het. Nou kan ons gees en gedagtes nuut word, ons kan anders dink en dus lewe soos nuwe mense.

Die nuwe mens lieg nie en bly nie kwaad nie, anders gee hy/sy die duiwel 'n vatkans. Die nuwe mens steel nie, maar werk en deel aan ander uit. Hy/sy gebruik nie vuil taal nie, maar versterk en bou op met sy/haar manier van praat, anders bedroef hy/sy die Heilige Gees. Die nuwe mens is nie haatdraend nie, maar vergewe ander soos God ons in Christus vergewe het. Die nuwe mens lewe in die atmosfeer van liefde en vernietig nie die liefde met ongeoorloofde seks nie.

Lewe daarom as mense van die lig wat niks wegsteek nie, maar self lig is wat enersyds die kwaad uitwys en andersyds mense na die Lig, Christus, lei. Die nuwe mens gebruik elke geleentheid wat die Here gee om te vra wat vir die Here aanneemlik is.

Die belangrikste eis om as nuwe mense te lewe is: Laat die Heilige Gees julle vervul. Ons sal nog die stryd in die binnekant hê tussen wat die ou sondige aard in ons wil hê en wat die nuwe mens wil hê. Gryp veral vas aan die belofte dat die Heilige Gees jou sal beskerm en toerus om as 'n nuwe mens te kan lewe.

Sing: Skrifberyming 14:1, 2

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)

31 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 6:10-23

Trek die wapenrusting van God aan!

Gelowiges moenie die onsigbare magte – wat eintlik teen God en Christus in opstand is – onderskat of oorskat nie. Christus het hulle oorwin, maar hulle is nou soos 'n erg gewonde dier besig om te kyk hoe hulle die kerk kan verskeur en verdeel en die individuele gelowige van God en van ander kan losskeur.

Daarom moet die gelowiges hulle krag by die Here soek. Die krag wat Hy gee, is dieselfde krag as waarmee Christus die doodsmagte oorwin het. Die stryd is teen bo-aardse, bose magte wat slinks en strategies te werk gaan. Soos 'n roofdier op 'n swak en siek prooi toesak, sak hulle toe op elkeen wat nie innerlik sterk is nie en gewond is deur teleurstellings of hartseer. Dit is 'n stoeigeveg waar die bose mag ons diepste binnekant probeer bykom en ons gedagtes, begeertes en wilsbesluite wil beïnvloed.

Nou moet ons egter die wapenrusting aantrek wat God vir ons gee. Ons moet die waarheid as gordel vasmaak dat ons beweeglik teen die bose magte is. Die vryspraak wat ons reeds in Christus het, beskerm ons hart en diepste innerlike lewe. Die bereidheid vir die evangelie is soos skoene wat ons vas laat staan teen versoekinge. Die geloof is die groot skild wat ons beskerm en die verlossing in Christus beskerm ons ewige lewe. Ons aanvalswapen is die Woord van die Here, die vlymskerp swaard wat die bose magte verdere wonde toedien. Die gebed is die energiebron van die gelowige en deur te bid, is hy/sy in staat om hierdie wapens te gebruik.

Trek jy nou hierdie wapens aan en neem deel aan die oorwinning wat Christus reeds behaal het.

Sing: Psalm 68:1, 9

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)